ATKV-betrekkings

ATKV-hoofkantoor

Digitale en sosialemediabeampte

Die ATKV is ’n dinamiese en snelgroeiende Afrikaanse kultuurorganisasie met ’n vakature vir ’n gekwalifiseerde persoon om as ’n digitale en sosialemediabeampte by die ATKV-hoofkantoor in Randburg diens te verrig.

Die ATKV volg ’n gelyke-indiensnemingsbeleid.

Vereistes

- ’n Toepaslike tersiêre kwalifikasie.
- Uitstekende Afrikaanse taal- en skryfvaardighede.
- Volledig tweetalig in Afrikaans en Engels.
- Moet oor ’n geldige bestuurslisensie beskik.
- Moet eie inisiatief aan die dag kan lê, maar ook in ’n span kan saamwerk.
- Moet vinnig en akkuraat onder druk kan werk.
- Sosiale- en digitale mediabemarkingsvaardighede.
- Web- en aanlyn bemarkingsvaardighede.
- Sterk kommunikasievaardighede.
- Ondervinding van digitale mediaplatforms.
- Belangstelling in die ontwikkeling van digitale bemarkingsvaardighede.
- Grafiese ontwerpkennis.
- Kennis van die Microsoft-produkreeks en Adobe CC (InDesign, Photoshop, After Effects).

Vernaamste verantwoordelikhede

- Die bestuur van volgerinteraksies.
- Grafiese ontwerp.
- Skryf kopie en skeduleer sosialemedia-inhoud in samewerking met die produksieredakteur.
- Groei sosialemediaplatforms se volgeling, reikwydte en impak.
- Plaas inhoud op die webwerf.
- Beplan en voer geïntegreerde digitale bemarkingsveldtogte uit.

As jy graag hierdie pos wil beklee, stuur jou volledige CV aan:
ATKV-betrekkings by betrekkings@atkv.org.za
ATKV, Posbus 4586 Randburg 2194

Sluitingsdatum: **20 November 2026 voor 12:00.**
Gebruik asseblief **HKBEMARK05** as verwysing.

Indien jy vier weke ná die sluitingsdatum nog nie van die ATKV gehoor het nie, was jou aansoek onsuksesvol.